

Hemelse Vader, ek kom pleit by U vir genade en vergifnis van my sondes.

Ek bely met my mond en glo in my hart dat Jesus Christus U Seun is, wat aan die kruis op Golgota gesterf het vir al my sondes, sodat ek ewige lewe in U hemelse koninkryk mag hê. Vergewe my al my sondes.



Vader, ek glo dat Jesus opgestaan het uit die dode en ek pleit nou by U om in my lewe te kom en die Koning van my lewe te wees. Ek gryp U aan as my persoonlike Saligmaker. Kom asseblief in my lewe en help my om U in erns, voluit te dien, die res van my lewe.

U Woord is waar en waaragtig en ek glo nou vas dat U my sondes vergewe het deur Jesus se bloed en dat ek nou as vrygemaakte, skoongewaste kind van U, wedergebore is deur die inwerking van U Heilige Gees, wat my voortaan gaan leer, lei en bewaar.

***In die wonderlike naam van ons Redder, Jesus Christus,
DANKIE wonderlike, genadige, almagtige Vader.
Amen***